

# DEXTER

30 Augustus 2005

Kontakdexter@mailbox.co.za

Jou Eie Koerant

## BESTUUR GEE VSR AAN MAMELODI



Twee studente in die middernagtelike ure besig om plakate teen lampale aan te bring. Die kampus word soos in die verlede weer deur DA, VF+ TAS en ASB plakate oorheers.

Jan van Zyl

Mamelodi studente se stemme sal in die huidige VSR verkiesing vier keer meer as ander studente se stemme tel. Dit kom nadat die UP-bestuur dit goed gedink het om aan die Mamelodi kampus 'n verteenwoordiging van twintig persent op die VSR te gee, terwyl Mamelodi studente nie eens vyf persent van die totale studente van UP uitmaak nie.

Talle studente is moedeloos oor die UP-bestuur se optrede, en beskou dit as 'n poging om die stemkrag van Afrikaanse studente te neutraliseer. Sommiges het selfs gevra of hulle nog welkom op Tuks is. "Dit is duidelik dat net een groep studente bevoordeel word, terwyl daar blatant teen 'n ander groep studente gediskrimineer word."

Daar is wel enkele studente wat voel dat daar nie fout is om aan Mamelodi beheer van die VSR te gee nie. "We must remember that Afrikaans must come to an end. This is the best way to ensure that Pasma and other revolutionary organizations can take over the control of the SRC."

Ander studente voel egter dat die bestuur seker 'n wiskundige fout moes begaan het, en dat die UP-bestuur nie doelbewus Hatfield studente se stemme probeer wegneem het nie.

Solidariteit stem egter nie saam nie, en volgens Barend Uys is prof. Chris de Beer wel daarop gewys dat die beginsels van proporsionaliteit blatant geïgnoreer word. UP-bestuur het hul blykbaar net eenvoudig aan die klagtes afgegee, en voert gegaan om beheer van die komende VSR letterlik aan Mamelodi oor te dra. Prof. De Beer het blykbaar gesê dat niemand hom iets van proporsionaliteit kan vertel nie.

Verskeie organisasies het die afgelope week hul ontevredenheid met die situasie uitgespreek. Volgens Barend Steyn van die ASB is dit 'n bewys dat die UP-bestuur poog om Afrikaanse studente se stemkrag weg te neem. "Op UP is daar net een demokrasie wat werklik geld, en dit is die skewe en onregverdige een wat sekere bestuurslede op almal probeer afdwing. Dit is duidelik dat slegs die beginsels van die ANC nagekom word, en dat realistiese bestuursvaardighede vir politieke oppurtunisme in die drein afgegooi word." MG Taute van die DA sê dit is nie net Afrikaanse studente wat benadeel word nie, maar alle studente wat nie op die Mamelodi kampus studeer nie. "Die DA glo in gelyke verteenwoordiging. Dit is tog wat ons 'n demokrasie maak."

Jan-Hendrik Kay van VF+ sê dat die studente van die Hatfield, Groenkloof, Onderstepoort en Mediese kampusse deur hierdie besluit benadeel word. "Vandag het demokrasie op UP gesneuwel. Die Universiteit weier net eenvoudig om alle studente gelyk te behandel, en het nou effektief die meerderheid studente op UP van hul regte ontnem."

Die president van die VSR, en lid van VF+, Cornelius Jansen van Rensburg, sê daar is wel met bestuur oor die aangeleentheid gepraat, maar het hulle botweg geweier om die beginsels van goeie regering toe te pas. "Dit raak nou al 'n gewoonte dat die UP-bestuur net aan hul eie belange dink."

Studente is dit eens dat 'n Mamelodi/Pasma oorheersde VSR net gestop kan word as die meerderheid studente wat nie op Mamelodi studeer nie hul stemme in die verkiesing uitbring. "Slegs as Afrikaanse studente in groot getalle deelneem sal die VSR nog in Afrikaanse hande wees."

**Gratis bier aan almal! Plus wen een van twee kaste bier!**  
Kyk op bl. 3 vir meer inligting. Met trots aan jou gebring deur [www.pretoria150.co.za](http://www.pretoria150.co.za)

## Redaksioneel

Vir menige student het die jaar nou tot 'n einde geloop, of altans sodra daardie laaste vraestel ingehandig is.

Vir ons hier by Dexter was 2005 dan ook 'n jaar van groot uitdagings. Bykans almal was dit eens dat Tuks 'n werklik onafhanklike koerant nodig gehad het wat nie bang is om selfs die UP-bestuur aan te vat nie. Ons wou die beginsels van gelykheid vir almal, nie net vir sekere nie, as 'n algemeen aanvaarde standaard laat geld. Dit het die Dexter dan ook gedoen deur aan jou die nuus te bring wat die ander te bang is om te dra.

So het die Dexter in sy vorige uitgawe grootskaalse korrupsie by die HK verkiesings van koshuise op die lappe gebring, en was daar die res van die dag 'n geskarrel om verkiesings dieselfde aand nog oor te hou. Daar is talle voorbeelde

waar Dexter ander twee keer laat dink het. Dit was vir my 'n voorreg om met 'n besonderse span redaksielede te kon saamwerk. Dankie vir al jul opofferinge. Die reaksie van oud-Tukkies was oorweldigend positief. Dankie ook aan verskeie persone en instansies wat finansiële bydraes gelewer het. Vir hierdie uitgawe wil ons ook veral vir die Jeugberaad dankie sê wat 'n reuse bydrae gelewer het om ook so die waarheid onder studente tuis te bring.

En dan natuurlik aan elke student wat van die Dexter so 'n groot sukses gemaak het. Sonder julle is ons nie veel nie, en volgende jaar sal ons voortgaan om aan julle die nuus te bring wat elkeen nodig het om 'n ingeligte besluit te kan neem.

Jan van Zyl (Redakteur)

## NA MY MENING..

### Waarom die nuwe SA misluk het

Die meeste studente sal seker dadelik uitroep: "Misluk? Die nuwe SA het nie misluk nie! Die regering het dan self gesê ons het 'n mooi toekoms!"

'n Mens kan dan ook verstaan hoekom die meeste mense hierdie benadering wil volg. As jy die ANC se opgeblaaste stories oor die slegte verlede glo, sal jy seker nie anders kan as om in die nuwe SA te glo nie. Tog is dit vir enige persoon wat die vermoë het om deur die skyn van die ANC en sy meelopers te kyk duidelik dat die nuwe SA reeds by geboorte dood was. Dit is reeds alom bekend dat die vlak van dienslewering deur die regering die laagste ooit in die geskiedenis van die land is. SA het ook nog nooit vantevore sulke hoë vlakke van misdaad en korrupsie gesien soos dit tans voorkom nie. As regering met die doel om vir sy mense 'n beter lewe te gee het die ANC klaaglik misluk.

Daar is egter meer wat gemaak het dat die nuwe SA misluk het. Vir die skep van 'n nuwe nasie is gepoog om kultuur grense af te breek, en een nuwe kultuur van menseregte te skep. Dit is dan ook op hierdie gebied wat die ANC hul grootste fout gemaak het.

Die ANC het reeds vroeg besef dat identiteit die ondergang van die demokrasie sou beteken. Vir die nuwe SA om te kon slaag moes daar geen individuele persoon wees wat op sy eie kon dink nie. Daar moes amper 'n soort samelewing soos in die flik *The Island* gesien kan word, geskep word. Dit laat 'n mens besef hoekom die regering alles wat nie met sy standpunte ooreenstem nie wil vernietig, soos nou weer met die Skerpioene gesien kan word. Dit is ook hoekom die regering juig as Afrikaners stert tussen die bene agter die ANC

aanhardloop. (Soos die UP-bestuur). Alles wat Afrikaans en Gereformerd is moet vernietig word, en elke baken wat laat herinner aan die ou bedeling moet afgebreek word. Die idee was om 'n identiteitlose massa te skep wat maklik die ANC propaganda sou sluk en toelaat dat Christelike morele waardes afgebreek word.

Wat egter duidelik na vore getree het, is dat veral die jeug van alle bevolkingsgroepe duidelik al hoe sterker op hul identiteit aanspraak maak. Hoe meer die ANC daarin poog om Afrikaners teen hul wil in die massa in te dwing, hoe meer het Afrikaners op hul eie regte begin aandring. Dit is veral hier op Tuks duidelik as 'n mens sien hoe studente in hul duisende teen die UP-topbestuur se ondemokratiese optrede in opstand kom.

Die ingebore instink van elke individu om "te behoort aan" maak dat hy besef hy kan onmoontlik by 'n rasgemengde en identiteitlose massa inskakel. Al hoe meer Afrikaners besef dat die beginsels van eie taal, godsdiens en kultuur altyd sterker sal weeg as die ANC se toi-toiende massa. Identiteit is waarlik onvernietigbaar.

Die Nuwe Suid-Afrika met sy beginsels van een nasie kon reeds van die begin af nie slaag nie. Niemand wil sy geloof aan dollosgooiers gelyk stel nie, en elkeen het sy eie taal meer lief as wat hy ooit 'n ander taal kan hê.

Die ANC het misluk om van ons almal een nasie te maak, en hoe gouer hulle dit besef en kultuur verskille begin respekteer, hoe beter vir almal.

CPOosthuizen

*Bogemelde is die skrywer se eie mening, en weerspieël nie noodwendig die standpunt van Dexter nie.*

## Briewe

### Why is there poverty?

Why is there still poverty in South Africa and why isn't there any clarity on the presentation of unemployed in South Africa? It is currently rated between 35% and 42%, however it is said that in some townships it is rated to 60%. When it comes to being poor, it is the only state of being in South Africa where you experience no discrimination. Pretoria West, especially Danville and surrounding area is one of those areas.

The African Union has changed it's slogan from job creation to food creation. Within Africa the focus is now food creation, if a study is done on the resent G8 gathering as well as Nepad's comprehensive agricultural support program. Taken all this into consideration, one can but wonder why there is a slaughtering of farmers in South Africa? Why is there a problem with urbanization? With more than 1600 farmers killed, can this be seen as a massacre? How many jobs is affected by these killings?

Poverty is not a question of discrimination, poverty is wrong systems! In the past we have been poor but we have never been hungry!

Annami Bruwer

### Dankie vir berig oor HK verkiesings

Dankie vir julle berig oor die korrupsie tydens die HK verkiesings. Niemand wou iets daarvoor sê nie, omdat dit nou al bekend is dat Afrikaanse studente altyd verkeerd is nie die reg het om oor enigiets te kla nie. Danksy jul berrigging en ander se optrede kon ons weer 'n keer verkiesing hou, en was dit hierdie keer meer regverdig. Dankie ook vir 'n oulike koerant. Dit gee mens baie meer insig oor sake wat ons andersins nie sou hoor nie.

Annonieme inwoner Liliem

### Skriflesing en gebed

Ek wil 'n voorstel maak. Kan ons nie in die oggende of begin einde van 'n semester, met 'n diens, skriflesing en gebed begin nie. So sal ons nog meer hete kole onder die lamsakke en ANC maaitjies saai.

Dankie vir jul wonderlike blad en wat julle vir Afrikaners doen. (*Brief verkort-Redakteur*)

Marius Rheeder

*Skryf vir die Dexter by kontakdexter@mailbox.co.za*

# TOPBESTUUR “WIL VSR VAN BINNE VERNIETIG”

**Corneli de Villiërs**

Dit het onlangs tot die skok van verskeie studente aan die lig gekom dat die UP-bestuur in die geheim daarin poog om hul eie kandidaat vir die VSR verkiesing te stel. Hierdie onthulling kom nadat sekere studente wat deur onder andere prof. Chris de Beer genader is met huidige VSR lede oor die aangeleentheid gepraat het.

Die idee is blykbaar dat die UP-bestuur vir elke fakulteit sy eie kandidaat wil stel, en dan sorg dat daardie kandidaat vir die VSR vir fakulteite verkies word. Daar word gevrees dat hierdie VSR lede na alle waarskynlikheid die standpunte van UP-bestuur sal huldig, en sodoende bydrae om sekere ondemokratiese besluite deur te voer.

Die meeste studente met wie Dexter gepraat het kon nog steeds nie glo dat daar op so 'n blatante wyse met studentesake ingemeng word nie. “Die hele idee is dat die VSR verkiesings onafhanklik, vry en regverdig moet wees. UP-bestuur wil natuurlik teen alle koste hul mag op elke

gebied afdwing.”

Volgens Joseph Steyn van Die Vat is dit duidelik dat UP-bestuur hierdeur poog om die VSR struktuur te infiltreer.

VSR president, Cornelius Jansen van Rensburg, beklemtoon die noodsaaklikheid van studenteverteenwoordiging en sê dat “kampus-prefekte” ons nêrens gaan bring nie. “'n Onafhanklike studenteliggam is noodsaaklik om ook op Tuks te sorg dat demokrasie werklik onderskryf word. 'n VSR wat deur die Universiteit beheer word kan tog nie 'n bydrae tot studente se welvaart maak nie?”

Ernst Roets van Solidariteitjeug UP bevraagteken die doel van 'n VSR wat deur bestuur gemanipuleer kan word: “Studente en topbestuur stem nie altyd saam nie, maar dit is nie rede vir bestuur om sy eie kandidaat vir die VSR te stoot nie.” Die DA is ook nie tevrede met die UP-bestuur se optrede nie.

Studenteleiers het onlangs 'n dringende versoek tot studente gerig om seker te maak dat hulle vir kandidaat wat werklik onafhanklik is stem.



**Die VSR verkiesing sirkus is soms die plek van warm debatvoering. Hierdie kandidaat van die DA het menige VF+ lede rooi laat sien toe hy gesê het dat die Stem ‘n onchristelike lied is en dat Christene dit nie kan sing nie.**

**Wen een van twee kaste bier!**

## GROOT BRAAI BY LC

“Die grootste braai vir Afrikaanse studente ooit!” Dit is wat die organiseerders van die Pretoria 150 fees eerskomende Vrydag 21 Oktober wil regkry. En dit is nie sommer net 'n braai vir die lekker daarvan nie. Pretoria vier hierdie jaar sy 150ste bestaansjaar, en vir studente op Tuks is daar spesiaal 'n byeenkoms gereel om hierdie geleentheid te vier. Boonop kan jy een van twee kaste bier wen, en sal daar vir almal wat laat weet dat hulle gaan opdaag 'n gratis bier gegee word.

Jy word dus genooi na een van die grootste Afrikaanse braai geleenthede ooit.

Om te kwalifiseer moet jy eerstens vlot Afrikaans kan praat, en tweedens met hart en siel kan sê: “Ek is 'n Boer of 'n Afrikaner”, en trots wees daarop.

**Die bring en braai sal plaasvind op die LC de Villiers Terrein, langs die dam. Dit sal plaasvind op Vrydag 21 Oktober vanaf 13:00.** 'n Toegangsof van R5 sal gehew word.

As jy die woorde “Ek is daar” na 083 384 5061 SMS, kry jy 'n GRATIS BIER by aankoms!

Jy staan ook **DIE KANS OM 'N KAS BIER TE WEN**. Beantwoord die volgende 3 vrae:

1. Hoe oud word Pretoria?
2. Wanneer is die Pretoria feesviering?
3. Waar word hierdie fees gehou?

Om te kwalifiseer moet jy teenwoordig wees met die trekking. Inskrywings sluit om 17:30 op 21 Oktober en die trekking is om 18:00 tydens die braai.

Die grootste enkele groep (wat as 'n groep met aankoms opdaag en vooraf gevorm het), en by die braai voor 17:30 opdaag, **SAL OOK 'N KAS BIER WEN**.

Daar sal ook verfbal gevegte teen R40-00 vir 80 balle per persoon wees beskikbaar wees. Die verfbal gevegte is natuurlik opsioneel.

Dit is dus heel duidelik dat 'n groot bring en braai vir alle Afrikaanse studente voorlê. Dalk net die regte medisyne voor die lang eksamen!

Vir enige navrae kan telefonies met 073 947 0918 geskakel word. Maak ook gerus 'n draai by [www.pretoria150.co.za](http://www.pretoria150.co.za) vir meer oor die groot Pretoria fees wat eerskomende November plaasvind.

## ASB rassisties of nie?

“Trots Afrikaner Trots Blank” is maar net een van die Afrikaner Studentebond (ASB) se vele plakkate wat orals op kampus te siene is. Standpunte soos dié het 'n groot debat onder studente veroorsaak oor wanneer iets nou eintlik kwalifiseer as rassisme. Een damestudent het honderd en sestig van die ASB se plakkate afgeskeur omdat dit na haar mening verkeerd was. Sy staar nou 'n siviele aksie in die gesig.

Taalkenner, Dr A Pieterse, merk dat die ASB standpunte wel daarop dui dat daar sekere verskille tussen rasse is, maar dat die kardinale element van rassisme, naamlik meerderwaardigheid en die reg om ander te oorheers nie hier teenwoordig is nie. Sou daar 'n plakkaat wees wat sê: “Hou swartes uit die VSR”, sou dit dalk wel op rassisme neerkom.

‘n Bekende teoloog, Prof. I Brink, sê dit is elkeen se Christelike plig om trots te wees op hoe God jou geskape het.

“Waar in jou lewe het jy al gehoor dat jy nie mag trots wees op wie en wat jy is nie?” sê ASB-voorsitter, Barend Steyn. “As jy nou 'n uitstekende vorm van rassisme wil sien, kyk eerder hoe die ANC en UP-bestuur mense gelyke geleenthede weier bloot omdat hulle blank is.” Al die ASB plakkate is wel goedgekeur.



## AVKB GAAN GROOT

Kobus Bezuidenhout

Die Afrikaner Volks Kultuur Beweging (AVKB) is besig om sterk onder jongmense op Tuks te groei. Die AVKB is 'n jeug beweging vir Afrikaners wat gereeld avontuur kampe en ander uitstappies hou. Studente reël interessante

byeenkomste op Tuks, en daar word ook beplan om in groot getalle aan die Westvalia Avontuurkamp naby Tzaneen deel te neem. Enige student wat lus voel vir 'n bietjie avontuur, volkstrots en kultuureie kampe is welkom om vir Salomé Fischer by 082 265 7701 te skakel.

cANCer  
can be  
beaten!!

Stem  Vote

Meet the  
Parent  
Meet the  
FOCKERS

STEM:  
VF+TAS



Hulle is verban! Sedert die ASB met hul Wit Witter Tuks slagspreuk op Kampus verskyn het, keur die UP-bestuur alle plakkate vooraf goed. Dit is nogal jammer, want soos met hierdie twee afgekeurde plakkate van die DA en VF+ gesien kan word, is dit juis die kreatiewe plakkate wat in die slag bly. Die Dexter wys egter alles, ook dit wat die UP-bestuur nooit wou hê jy moes sien nie. Die wenner van die meeste afgekeurde plakkate vir 2005 is die ASB met meer as 40 wat die rooi pen gekry het.

## ANC gooi hul speelgoed uit die kot

Bertus Kruger

Die onttrekking van die ANC se deelname aan die VSR verkiesing kan dalk beteken dat daar nou 'n swart meerderheid in die VSR aan bewind kan kom. Die vrees bestaan dat Afrikaans stemme, wat tussen DA, VF+ Tas, ID en ASB partye verdeel word, nie aan een party genoeg stemme sal verskaf om Pasma teen te gaan nie. Daar word verwag dat swart studente almal vir Pasma sal stem. Volgens Jan-Hendrik Kay beteken dit dat sou die DA bv. 'n 1000 stemme kry, VF+ TAS 1500 en Pasma 1600, sal dit van Pasma die grootste party in die VSR maak. Jan-Hendrik sê ook dat daar nou 'n werklike gevaar is dat Afrikaanse studente uit die VSR uitgefaseer kan word. "As studente nie in groot getalle opdaag en stem nie, sal die VSR in Pasma se hande land." MG Taute van die DA sê dat die ANC se optrede net

weer 'n tipiese voorbeeld is van hoe alles waarvoor die VSR die afgelope jaar gewerk het omvergewerp word. Die ASB sê dit is ook weereens 'n bewys dat die ANC nooit regtig in demokrasie belang gestel het nie, maar net ander kulture en tale wil afbreek.

Die ANC het blykbaar besluit om nie aan die verkiesing deel te neem nie omdat studente daardeur benadeel sal word. "Ons het take om te doen." Hulle glo ook dat die verkiesing eerder volgende jaar Februarie gehou moet word. Daar is sommige studente wat egter wil glo dat die ANC op Tuks, net soos nasionaal, 'n ernstige leierskap krisis beleef.

Studenteleiers is dit eens dat studente in hul duisende moet opdaag en aan die verkiesing moet deelneem, aangesien 'n stemgetal van minder as 8000 sal beteken dat die verkiesing nie as legitiem beskou sal word nie.

## Joop se stories...

### Byeenkoms van narre

Met toebroodjies gepak het ek vol verwagtinge by die jaarlikse VSR verkiesing sirkus opgedaag. Hierdie geleentheid waar partye wat aan die VSR verkiesing deelneem hul klaagliedere kan sing, het nou al 'n hoogtepunt op my sosiale kalender geword.

Toe die gehoor hul sitplekke inneem, is hulle toe ook om 14h00 deur die afgevaardigde van TSCP gegroet met: "Good evening ladies and gentlemen!" Praat van deurmekaar politici. 'n Kandidaat van die ID het aan Pasma gevra waarom hulle by hul optog vroeër vanjaar vensters gebreek en meisies geslaan het, waarop die Pasma kandidaat gereageer het met die woorde: "I think what you are trying to ask is: 'What have we done for students this year?' " en het toe sy eie vraag beantwoord. Daarna het Pasma kandidaat op die mikrofoon geklim en sommer aan hul eie party begin vrae vra en skree. Intussen was daar skuins agter my 'n getoi-toi aan die gang, en het een party se kandidaat 'n ander party se spreker om die piazza begin rondjaag. Tussendeur het Pasma lede sommer met die mikrofoon begin dans. Toe 'n dames student van die DA met 'n rooi rok na vore tree het die ander partye vir die "rooirokbokkie" begin fluit en skree.

Toe 'n VF+TAS lid uiteindelik na Pasma die geleentheid kry om te praat, moes hy eers die spoeg van die mikrofoon afvee voor hy kon begin. Dit het natuurlik 'n verdere banaal van chaos veroorsaak, met DA-lede wat sê "Sies" en swart studente wat wyd verstrooi oor die Piazza snaakse ruk en stotter bewegings kry. My sig was toe ook hier tydelik onderbreek toe 'n groterige vrou eers vir my die jongste danse uit Zimbabwe wou wys. Ek weet nou nog nie of sy Pasma, ANC, TSCP of DA was nie.

Die DA het ook hier iewers hul stem dik gemaak met: "Quality education: Priceless." 'n Student het geantwoord met: "Koste vir herstel van skade na Pasma optog: R60 000. Onkoste na hofspraak: R90 000. Dertien DA lede wat op 'n Datsun bakkie wegjaag: Priceless." Groot vermaak het gevolg toe een aggresiewe student die mikrofoon uit die Speaker se hande gryp en ander partye begin vloek en skel het. Die Speaker het die kragprop uitgeruk, en so 2005 se sirkus tot 'n einde gebring. Ek sien nogal uit na volgende jaar se byeenkoms van narre.

Jankejan

Die skrywer se mening weerspieël nie noodwendig die standpunt van Dexter nie